

DISSIPELSKAP. LES 2

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] MATTEUS 1:1 – 7:29
---	------------------	-----------------------------------

Maak beurte en deel kortliks (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Matteus 1:1 – 7:29). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[SEKERHEDE] JOHANNES 10:28
---	--------------------------	-------------------------------

A. MOTIVERING (vir memorisering)

Lees Efesiërs 6:11,17; Matteus 4:2-4 (Deuteronomium 8:3).

Ontdek en bespreek. Hoekom is dit belangrik om Bybelverse (of Bybelgedeeltes) te memoriseer?

Notas. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om die bese magte te oorwin.

B. MEDITASIE (van 'n Bybelgedeelte)

Die eerste reeks (A) memoriseringsverse handel oor 'Die christelike sekerhede'.

Die titels van die vyf memoriseringsverse is:

- Sekerheid van verlossing. Johannes 10:28
- Sekerheid van verhoorde gebede. Johannes 16:24
- Sekerheid van oorwinning. 1 Korintiërs 10:13
- Sekerheid van vergifnis. 1 Johannes 1:9
- Sekerheid van God se leiding. Spreuke 3:5-6

(1) Sekerheid van verlossing: Johannes 10:28. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

1. Die betekenis van die ewige lewe.

Wat is ewige lewe? Ewige lewe is 'n nuwe soort lewe. Dit is 'n wonderlike lewe, 'n sinvolle lewe, 'n uitdagende lewe, 'n opwindende lewe en 'n bevredigende lewe! Dis 'n lewe wat nie eindig nie! Bowenal is dit 'n verhouding met die Lewende God deur Jesus Christus. Dit is 'n persoonlike en vertroulike kennis van die enigste Ware God en Jesus Christus (Johannes 17:3).

2. Hoe om die ewige lewe te verkry.

Dit is 'n genadige geskenk! God gee die ewige lewe alleen deur een persoon in die menslike geskiedenis, naamlik Jesus Christus. Die ewige lewe kan nie verdien word nie, maar kan alleenlik as 'n vrye geskenk ontvang word. As Jesus Christus in jou hart en lewe inkom, ontvang jy ook hierdie ewige lewe! As iemand nie Jesus Christus ontvang nie, ontvang hy ook nie die ewige lewe nie. "Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun nie het nie, het nie die lewe nie" (1 Johannes 5:12).

3. Drie sekerhede van die gelowige.

- Hy het nou al die ewige lewe en dit eindig nooit meer nie!
- By die laaste oordeel sal hy nie veroordeel (verdoem) word nie. Hy sal nie in die hel vergaan nie.
- Niks of niemand kan hom uit die hande van Jesus Christus ruk nie (vgl. Romeine 8:38-39).

C. MEMORISERING

1. Skryf

Skryf die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein aantekeningboekie: Skryf die onderwerp of titel op die eerste reël. Skryf die Skrifverwysing van die vers op die tweede reël. Trek 'n lyn en skryf onder die lyn die

Bybelvers se woorde heeltemal volledig uit. Skryf die Skrifverwysing van die vers onderaan die kaartjie en op die agterkant van die kaartjie.

(1)

Sekerheid van verlossing Johannes 10:28
Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Johannes 10:28

Johannes 10:28

2. Memoriseer

Memoriseer die Bybelvers altyd op die regte manier.

- Begin altyd met die tema of opskrif, die Skrifverwysing en die eerste reël van die vers.
- As jy dit foutloos kan opsê, voeg die tweede reël van die vers by en herhaal die vers van die begin af, m.a.w. die tema of opskrif, die Skrifverwysing en die twee reëls van die vers.
- As jy dit foutloos kan opsê, voeg die derde reël van die vers by en herhaal die vers van die begin af, m.a.w. die tema of opskrif, die Skrifverwysing en die drie reëls van die vers, ens. Moenie die Bybelvers in kleiner deeltjies memoriseer nie, want dan memoriseer jy nie die verbindings tussen die gedeeltes nie. Begin elke keer by die begin as jy die vers herhaal.
- Eindig altyd deur weer die Skrifverwysing te noem, want dis die moeilikste gedeelte om te onthou.

Die korrekte volgorde vir Bybelmemoriserings is dus: Die tema, die Skrifverwysing, die woorde van die Bybelvers en weer die Skrifverwysing.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[LEWENSVRAE]</i> HOE REAGEER EK OP DIE WOORD VAN GOD? LUKAS 8:4-15
---	--------------------------------------------------------------------------------------------------

Die doel van Bybelstudie saam as 'n groep is om saam in ons verhouding met Jesus Christus, en met mekaar, te groei. Dit is om mekaar te help om die Bybel te leer ken en te verstaan en om die waarhede daarin te beoefen. Daarom is dit belangrik dat die groeplede mekaar sal aanmoedig om deel te neem aan die bespreking. Die inset wat elke groeplid lewer is belangrik. Niemand behoort ontmoedig te word as dit wat hy sê, nie (teologies) heeltemal korrek is nie. Die groepleier moet eerder die groeplede aanmoedig om saam die waarhede in die Bybel te ontdek en te bespreek. Elke lid van die groep moet voel dat die ander groeplede *luister* as hy praat, *hom ernstig opneem* en *hom aanvaar*. Die groeplede kompeteer nie met mekaar in Bybelkennis nie, maar het mekaar lief deur mekaar aan te moedig om te groei en om met vrymoedigheid met mekaar te deel.

Die Bybelstudie hieronder is 'n voorbeeld wat ontwerp is om die groepleier by te staan as hy sy voorbereiding doen of om die groep te help as hulle 'n moeilike vraag bespreek. Probeer om die Bybelstudiebespreking te beperk tot die Bybelgedeelte wat bestudeer word, maar maak gebruik van kruisverwysing.

Maak gebruik van die vyf stappe metode van Bybelstudie om Lukas 8:4-15 saam te bestudeer.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
Lees. KOM ONS LEES Lukas 8:4-15 saam. Lees elkeen een vers totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART? Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek. Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie)	

Ontdekking 1. Daar is drie persone wat iets wil doen met die Woord wat in my hart gesaai is.

Eerstens is dit Christus, wat sy Woord in my hart saai. Hy wil hê dat sy Woord in my lewe vrug dra. Tweedens, is daar die duiwel, wat probeer om God se Woord uit my hart te haal. Hy wil nie hê dat die Woord enige invloed in my lewe het nie. Derdens is dit ekself. Ek het die verantwoordelikheid om iets te doen met die Woord wat Christus in my hart gesaai het. As ek dit hoor en dit in 'n goeie en opregte hart bewaar, kan ek deur volharding 'n oes lewer. Maar as ek niks doen met Christus se Woord nie, sal ek dit heeltemal verloor! Vir my is 'n baie belangrike waarheid in hierdie

Skrifgedeelte dat dit *my verantwoordelikheid* is om iets met God se Woord te doen. Elke keer as ek die woorde van die Bybel hoor, is dit my verantwoordelikheid om dit in daad om te sit.

8:12

Ontdekking 2. Dis nie net die duiwel wat probeer om God se Woord uit my hart te haal nie.

Vers 14 beskryf al die ander vyande van God se Woord. Dit sê dat God se Woord deur die bekommernisse van die lewe versmoor kan raak, deur die begeerte om ryk te word en deur die ander begeertes in die sondige wêreld. Die sondige wêreld rondom my so wel as die sondige natuur in my is die ander groot vyande van Christus. Hulle wil nie hê dat die Woord van Christus in my lewe vrug dra nie. Daarom verstik hulle die Woord van God. 'n Baie belangrike waarheid vir my in hierdie Skrifgedeelte is dat dit my verantwoordelikheid is om op my hoede te wees en nie toe te laat dat die sorges en die rykdom en die genieting van die lewe die Woord van God in my lewe verstik nie.

STAP 3. VRA.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?

Kom ons probeer al die waarhede in Lukas 8:4-15 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

Bespreek. (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

8:5

Vraag 1. Wat is die 'saad'?

Aantekeninge. Die saad is die Woord van God (Lukas 8:11), meer spesifiek die boodskap van die koninkryk (Matteus 13:19), wat begin met die evangelie (vgl. Markus 1:14-15; Handeling 20:24-25; 28:23).

Die koninkryk van God is die koningskap of soewereine heerskappy van God in Jesus Christus spesifiek oor die harte en lewens van sy eie mense (Lukas 17:20-21). Dit bewerkstellig die volkome verlossing van Christene van begin tot end (Markus 10:25-26), hulle vestiging as een Kerk/Gemeente hier op aarde (Matteus 16:18-19), hulle invloed en goeie daad op elke terrein van die menslike samelewing (Matteus 25:34-36, Romeine 14:17) en die uiteindelijke oprigting van die nuwe hemel en die nuwe aarde (1 Korintiërs 15:24-26; Openbaring 11:15).

8:5-8

Vraag 2. Wat simboliseer elkeen van die vier soorte grond?

Aantekeninge. Tydens Jesus se lewe op aarde het die boere nie masjinerie gehad om hulle saad te saai nie. Hulle het hulle hande gebruik om terwyl hulle loop die saad links en regs te strooi. Sodoende het sommige saad op die pad geval waar mense geloop het. Van die saad het op gedeeltes van die grond geval waar daar 'n kalksteenlaag of 'n klipbank was. Ander saad het op gedeeltes geval waar daar dorings en distels gegroei het. En sommige van die saad het op goeie grond geval.

Die vier soorte grond simboliseer die vier soorte moontlike toestande en houdings van elk mens se hart (Lukas 8:12; Matteus 13:19) en nie vier soorte mense op aarde nie.

8:10

Vraag 3. Hoekom is die kennis aangaande die geheime van die koninkryk net vir die dissipels gegee?

Aantekeninge. Dit lyk onregverdig, maar dit is nie! 'Die geheime van die koninkryk van God' is die boodskap van die hele Nuwe Testament (die evangelie oor wie Jesus is, wat Hy sou doen en wat Hy sou leer). Gedurende die Ou-Testamentiese periode was die meeste daarvan nog onbekend. Maar na die eerste koms van Jesus Christus, is die boodskap van die Nuwe Testament nie meer 'n onbekende geheim nie, maar 'n geopenbaarde waarheid.

Hierdie waarheid of boodskap word nie aan alle mense geopenbaar nie. Alhoewel baie mense die evangelie en die Nuwe-Testamentiese onderrig hoor, luister hulle nie of bekeer hulle nie tot die God van die Bybel nie, maar verhard hulle harte! Christus haal dan die profeet Jesaja se woorde aan.

(1) Die uitspraak in die Ou Testament.

In Jesaja 1:2-15 lees ons dat die kinders van Israel teen God gerebelleer het en korrup geword het. In Jesaja 6:10 spreek God hierdie oordeel uit: "Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie." Die Israeliete het soveel wonders gesien en so baie mooi woorde van die profete gehoor en tog het hulle gekies om hulle harte te verhard teen God. Sodoende het God hulle toegelaat om te word wat hulle wou wees! God het hulle oorgegee aan die

gevolge van hulle eie keuses! Hulle het hulle oë en ore toegemaak – en nou sluit God hulle oë en ore nog digter toe! Hulle oes nou wat hulle self gesaai het (Galasiërs 6:7-8)!

(2) Die uitspraak in die Nuwe Testament.

In Matteus 12 lees ons dat die Fariseërs en baie ander Jode in opstand teen Jesus Christus gekom het en net so korrup geraak het. Hulle het Jesus gekritiseer (Matteus 12:2), onskuldige mense veroordeel (Matteus 12:7), strikke vir Jesus gestel (Matteus 12:10), planne beraam om Jesus dood te maak (Matteus 12:14) en selfs Jesus belaster deur te sê dat Hy duiwels uitdryf deur die aanvoerder van die bose geeste (die satan)(Matteus 12:24). In Matteus 13:10-15 (Lukas 8:10), spreek Jesus dieselfde oordeel oor hulle as wat in die Ou Testament genoem is. Hulle het die wonders gesien wat Jesus Christus gedoen het en die talle lesse gehoor wat Hy gegee het, maar hulle het ook geweier om in Jesus Christus te glo. Daarom word dieselfde oordeel oor hulle uitgespreek! Hulle het hulle harte teen Jesus Christus verhard en *nou gee Jesus Christus hulle oor aan die gevolge van hulle eie keuses!* Hy het hulle toegelaat om te word wat hulle self wou wees! Hulle mag die evangelie en die boodskap van die Bybel nog hoor, maar hulle is nie meer in staat om dit te verstaan nie en ook nie meer in staat om hulle te bekeer nie!

(3) Die uitspraak vandag.

Elke persoon het die verantwoordelikheid om te reageer op die Woord van God in die Bybel. As *die toestand of houding van jou hart* dieselfde is as die van die Fariseërs, dan sal jou hart ook verhard wees en jy sal nie in staat wees om die koninkryk van God in te gaan nie.

Maar elkeen wat opreg reageer op die Woord van God, hoef nooit bang te wees nie. Elke skoon en rein hart wat op God se Woord reageer, sal groei en vrug dra!

Kom ek som op: Elkeen wat sy hart verhard teen die God van die Bybel en die woorde van God in die Bybel, sal op die ou end so verhard wees dat hy later glad nie meer die Woord van God kan hoor nie.

Maar elkeen wat opreg reageer op God en op sy Woord sal dit verstaan, groei en vrug dra! 'n Opregte soeker na Jesus Christus sal nooit verwerp word nie (Johannes 6:37)!

8:12

Vraag 4. Wat simboliseer die harde grond van die pad?

Aantekeninge. Dit is 'n voorstelling van die persoon met 'n ongevoelige en verharde hart wat nie reageer nie. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, reageer jy glad nie op die Woord van God nie. Jy is deurentyd van mening dat daar niks belangriks vir jou in God se Woord is nie. Jy wend geen poging aan om die boodskap daarvan te verstaan nie (Matteus 13:19) of jy stel jou reaksie daarop uit. Gevolglik raak jou hart onverskillig en verhard. Satan ken die potensiële krag van die Woord van God en is voortdurend gereed om dit, wat nie aanvaar word nie, weg te ruk!

Die groot les is om die Woord van God *te aanvaar* (Markus 4:20) en om, wanneer jy dit ook al hoor, lees of bestudeer, alle moontlike pogings aan te wend *om dit te verstaan* (Matteus 13:23)! Maak onmiddellik werk van jou houding van onverskilligheid, uitstel of vyandigheid!

8:12

Vraag 5. Hoekom wil die duiwel die Woord van God wegvat uit ons harte?

Aantekeninge. Die duiwel wil die Woord van God wegvat uit ons harte, want God se Woord is 'n kragtige middel om ons te red en te verander! Elkeen wat glo in die Woord van God word gered (Romeine 10:17). Dit beteken dat hy van die duiwel en sy koninkryk af weggeruk is! Die Here Jesus Christus beroof die sterk man (die duiwel) van sy besittings (Matteus 12:28-29; Johannes 12:31-32). Die Bybel sê, "Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet" (Kolossense 1:13). Omdat God se Woord (die Bybel) God se middel is om mense te red en te verander, sal die duiwel alles moontlik probeer om God se Woord uit mense se harte te roof! Pasop! Jesus het ons gewaarsku!

8:13

Vraag 6. Wat simboliseer die klipperige grond?

Aantekeninge. Dis is 'n voorstelling van die persoon met 'n impulsiewe en oppervlakkige hart wat nie wil vasbyt nie. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, dan reageer jy op die Woord van God sonder om na te dink. Tydens byeenkomste raak jy emosioneel opgewonde oor die boodskap en die persoonlike appel van die spreker. Jy spring impulsief op om Jesus te aanvaar, om die boodskap te aanvaar of om sekere besluite te neem, sonder om die gevolge mooi te oordink. Eers is jy in vervoering en entoesiasies omtrent die Woord van God, maar wanneer daar moeilikheid en vervolging kom, dan sak jy uit. Jy dink nie ná oor die betekenis van die woorde nie en jy oorweeg nie die gevolge van God se Woord nie. As die wêreldse mense begin om jou te bedreig of jou vervolg omdat jy 'n Christen is, verloor jy belangstelling in die Woord van God, hou op om Jesus te volg en val terug in jou ou lewe. Dan het jy geen fondament (wortel) nie. Jy aanvaar die boodskap sonder enige oortuiging. Jou belydenis van geloof is nie op die Woord van God gebaseer nie en kom nie uit jou innerlike oortuiging nie. Daarom volhard jy nie. Jy besef nie dat ware dissipelskap oorgawe en selfverloëning vra, ja selfs opofferings en lyding. Jy bereken nie die koste om 'n gelowige te word of 'n

gelowige te bly nie. Jy besef nie dat die pad na die God van die Bybel toe net by die kruis van Jesus Christus verbygaan. En die kruis simboliseer lyding. Daarom hou jy net 'n rukkie uit.

Die eintlike les is *om God se Woord vas te hou* (te bewaar)(Lukas 8:15), d.w.s. onder alle omstandighede te glo en te gehoorsaam! Maak werk van die neiging om by die aanhoor van die Woord van God net emosioneel geraak te word! Dis 'n gevaar wanneer mense op konferensies en op preke en boeke van ander mense bly dryf.

8:14

Vraag 7. Wat simboliseer die grond met die dorings en onkruid?

Aantekeninge. Dis 'n voorstelling van die persoon met 'n verdeelde of vuil hart wat deur ander dinge in beslag geneem word. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, dan reageer jy hoofsaaklik op ander dinge i.p.v. op die Woord van God. Jy het die verkeerde prioriteite. Die sorg van die lewe, die bedrieglikheid van rykdom, die genieting van die lewe en die begeertes vir ander dinge as wat God van jou, trek gedurigdeur jou aandag van God af. Jou hart is verdeel tussen die dinge van die wêreld en die dinge van God. Die wêreldse dinge verstik die dinge van God in jou lewe. Gevolglik dra die Woord van God nooit enige vrugte in jou lewe nie.

Die eintlike les is *om jou hart skoon, opreg en onverdeel te hou* (Lukas 8:15). Hou jou hart vry van die sorg van die lewe, die bedrieglikheid van welvaart, die plesier van die wêreld en ander verkeerde begeertes. Reken onmiddellik af met bekommernisse van die lewe, met die neiging tot materialisme, met verkeerde begeertes en met verkeerde prioriteite.

8:15

Vraag 8. Wat simboliseer die goeie grond?

Aantekeninge. Dis 'n voorstelling van die persoon met 'n goed voorbereide hart wat reageer, vashou en met onverdeelde volharding vrugte dra. As hierdie toestand en houding jou hart kenmerk, dan reageer jy telkens weer op die Woord van God soos wat Jesus Christus dit sou wou hê.

- In teenstelling met die eerste grond *hoor, verstaan en aanvaar jy die Woord van God* (Matteus 13:23; Markus 4:20).
 - In teenstelling met die tweede grond bereken jy die kostes verbonde aan dissipelskap en *hou jy vas aan die Woord van God onder alle moeilike omstandighede* (Lukas 8:15).
 - In teenstelling met die derde grond hou jy jou hart *skoon en vry* van dit wat God se Woord kan verstik (Lukas 8:15).
 - Sodoende, as die vierde grond, *dra jy deur volharding vrug vir God* (Lukas 8:15). Soms dra jy dertigvoudig vrug en soms honderdvoudig (Matteus 13:23; Markus 4:20)!
-

8:15

Vraag 9. Is hierdie gelykenis 'n boodskap vir die verkondigers van God se Woord of 'n boodskap vir die hoorders van God se Woord?

Aantekeninge. Hierdie gelykenis is in die eerste plek nie 'n boodskap vir die predikers van God se Woord nie, maar 'n boodskap vir die hoorders (ontvangers) van God se Woord. Die gelykenis vertel ons nie dat ons moet verwag dat slegs een kwart van alle mense op aarde die evangelie gaan aanvaar nie. Die gelykenis leer ons dat alle mense in die wêreld, insluitende predikers, al vier soorte houdings teenoor die Woord van God op verskillende tye in hulle lewens kan hê! Die houding van die hoorder en die toestand van sy hart beïnvloed op enige gegewe tyd die invloed wat God se Woord op hom sal hê!

Jesus vertel hierdie gelykenis vir jou om jou te laat besef dat dit jou verantwoordelikheid is om op sy Woord te reageer!

- Dit is jou verantwoordelikheid elke keer as jy die Bybel hoor, lees of bestudeer om die Woord van God regtig *te hoor, te verstaan en aan te neem* (Matteüs 13:19; Markus 4:20) in teenstelling met mense wat hulle harte verhard.
- Dit is jou verantwoordelikheid elke keer as jy die Bybel hoor, lees of bestudeer om die Woord van God *met volharding vas te hou* (te bewaar) (Lukas 8:15; 1 Korintiërs 11:2; 1 Korintiërs 15:2; 1 Tessalonisense 5:21) in teenstelling met oppervlakkige en wispelturige mense wat gaan waar die wind hulle waai.
- Dit is jou verantwoordelikheid elke keer as jy die Bybel hoor, lees of bestudeer om die Woord van God *in 'n skoon (rein) en onverdeelde hart* te bewaar en nie toe te laat dat sorg, rykdom en genieting van die lewe die Woord van God verstik nie (Lukas 8:15).
- Dit is jou verantwoordelikheid elke keer as jy die Bybel hoor, lees of bestudeer om op die Woord van God te reageer deur met volharding *vrugte te dra* (Lukas 8:15).

Elke keer wat jy die Woord hoor, lees of bestudeer, sal die toestand en houding van jou hart bepaal wat die uitwerking van God se Woord op jou lewe sal hê! Elke keer as jou hart goed voorberei is, sal jy gretig wees om die Woord van God te hoor, te verstaan en aan te neem; sal jy dit vashou ongeag die storms, moeilikhede en teleurstellings van die lewe; sal jy jou hart skoon en onverdeel hou en sal jy met volharding groei en vrug dra!

Samevatting. Die *toestand en houding van jou hart* op enige dag van jou lewe bepaal die effek van die Woord van God op jou lewe! Die *houding* waarmee jy die Bybel hoor, lees en bestudeer bepaal of jy sal groei, verander en vrug dra of nie.

Vraag 10. Wat is die boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge. Die boodskap van hierdie gelykenis is dat *die toestand of houding van jou hart jou reaksie op die Woord van God bepaal. En jou reaksie op die Woord van God bepaal weer hoeveel vrug jy vir God gaan dra.*

Met ander woorde: *Die vrugte (invloed) van jou lewe word bepaal deur hoe jy op die Woord van God reageer. En die manier waarop jy op die Woord van God reageer, word bepaal deur die toestand en houding van jou hart.*

Hierdie gelykenis 'van die saaiër' is eintlik 'n gelykenis oor 'vier soorte grond' waarop gesaai word. Dit is 'n gelykenis oor vier moontlike houdings van die hart van elk mens! Die gelykenis is 'n waarskuwing vir mense wat nie reageer op die Woord van God nie. Maar dis ook 'n groot bemoediging en blye verwagting vir daardie mense wat die houding van hulle hart verander en op die Woord van God reageer. Elke mens kry elke dag weer 'n kans om die houding van sy hart te verander! Al was jou hart *gister* so hard as 'n pad, so oppervlakkig as 'n lagie stof op 'n klipbank, so vervuil as 'n land met dorings en distels, mag jy *vandag* die houding van jou hart verander en op die Woord van God reageer soos Jesus dit graag wil hê! Die boodskap van hierdie gelykenis kan elke dag van jou lewe toegepas word!

8:15

Vraag 11. Hoe kan 'n mens volhard om vrug te dra?

Aantekeninge. Die duiwel is altyd naby om so gou as moontlik die Woord van God uit jou gedagtes en hart te steel. Jy leef elke dag in 'n sondige wêreld en jy dra nog elke dag 'n sondige natuur binne in jou. Omdat die duiwel, die sondige wêreld rondom jou en die sondige natuur binne in jou almal met jou baklei, moet jy voortdurend terugveg. Hoe kan jy wen?

- Jy behaal die oorwinning wanneer jy elke dag op die Woord van God reageer soos Hy wil. Luister na die Bybel, lees dit, bestudeer dit, oordink dit, memoriseer dit, pas dit toe en gee dit deur aan ander mense.
- Jy behaal die oorwinning wanneer jy jou hart skoon (rein) en onverdeeld hou. Pas op wat jou oë sien en jou ore hoor, want dit kom alles in jou hart.
- Jy behaal die oorwinning wanneer jy die Woord van God regtig hoor, verstaan en aanneem sodat dit jou denke, gevoelens en gedrag (optrede) verander.
- En jy behaal die oorwinning wanneer jy besluit om nie op te gee nie. Jy moet volhard. Jy kán volhard, want Jesus Christus het belowe om elke dag by jou te wees (Matteus 28:20).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Lukas 8:4-15 neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings van Lukas 8:4-15.

8:8b-10. Luister baie goed na die prediking van die Woord.

Probeer om die boodskappe van *die Bybel te verstaan* (Matteus 13:19, 23; Markus 4:13).

8:11. Besluit om die Bybel ernstig op te neem en gehoorsaam te reageer op die boodskappe daaruit.

8:12. Glo die boodskap van die Bybel om daardeur gered te kan word.

8:13. Ontwikkel persoonlike oortuigings uit die boodskappe van die Bybel. Moenie net kennis van die Bybel hê nie.

8:15. Mediteer oor die Bybel en memoriseer Bybelverse om dit deel van jou lewe te maak.

8:15. Maak elke keer as jy die Bybel lees en bestudeer seker dat jou hart skoon is.

8:15. Dra vrug deur gereeld die boodskappe van die Bybel toe te pas.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings van Lukas 8:4-15.

God wil hê dat jy die Bybel elke keer as jy dit hoor, sal *verstaan*, sodat die duiwel dit nie kan wegvat uit jou hart nie. Daarom wil ek elke week een Bybelstudie doen. Deur elke week Bybelstudie te doen, sal dit my help om God se Woord baie beter te verstaan.

God wil hê dat ek groei en vrug dra. Elke keer as ek die Bybel lees en bestudeer, sal ek myself die vraag afvra, "Hoe kan hierdie Woord my verander of andere beïnvloed?" En dan moet ek probeer om dit in die praktyk te doen.

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Lukas 8:1-15.
 (Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid.
 Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	--------------------------------------

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

6	VOORBEREIDINGS (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	---------------------------	------------------------------------------

Deel 'n strokie papier met die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Lukas 8:1-15 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Matteus 8:1 – 11:24. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode en maak kort aantekeninge in jou stiltetyd notaboek.
3. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers. (1) Sekerheid van verlossing. Johannes 10:28. Repeteer elke dag die eerste Bybelvers wat jy gememoriseer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetye, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.